Get more papers from: www.mycourses.co.za

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

SEPTEMBER 2022

REKENINGKUNDE V2

www.mycourses.co.za

PUNTE: **150**

TYD: **2 uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye, insluitend ’n formuleblad en ’n 9-bladsye antwoordeboek.

Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur en volg dit noukeurig.

1. Beantwoord AL die vrae.
2. ’n Spesiale ANTWOORDEBOEK word verskaf waarin jy AL die vrae moet beantwoord.
3. Toon AL die bewerkings om deelpunte te verdien.
4. Jy mag ’n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
5. Jy mag ’n donker potlood of blou/swart ink gebruik om die vrae te beantwoord.
6. ALLE bewerkings moet tot EEN desimale punt getoon word, waar van toepassing.
7. Indien jy dit verkies, mag jy die Formuleblad met Finansiële Aanwysers wat aan die einde van hierdie vraestel aangeheg is, gebruik. Die gebruik van hierdie formuleblad is NIE verpligtend NIE.
8. Skryf netjies en duidelik.
9. Gebruik die inligting in die tabel as riglyn wanneer jy die vraestel beantwoord. Probeer om NIE daarvan af te wyk NIE.

VRAAG	ONDERWERP	PUNTE	MINUTE
1	Voorraadwaardasie en BTW	35	30
2	Rekonsiliasies	35	30
3	Kosteberekeninge	40	30
4	Begroting	40	30
TOTAAL		**150**	**120**

www.mycourses.co.za

Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za

VRAAG 1: VOORRAADWAARDASIE EN BTW (35 punte; 30 minute)

1.1 VOORRAADWAARDASIE

Debra Handelaars verkoop elektriese waaiers. Die eienaar van die besigheid is Deb Fisher. Die inligting het betrekking op die finansiële jaar geëindig 30 April 2022.
Die periodieke voorraadstelsel en die eerste-in-eerste-uit-metode (EIEU) word gebruik om die waarde van die waaiers in voorraad te bepaal.

GEVRA:

1.1.1 Bereken die volgende vir die jaar geëindig 30 April 2022:

- Waarde van slotvoorraad (5)
- Koste van verkope (6)

1.1.2 Deb is bekommerd oor die verkope en die winsgewendheid.

- Bereken die gemiddelde voorraadhoudingsperiode (in dae). (5)
- Lewer kommentaar op grond van jou bevindings of sy bekommerd moet wees of nie. (2)

1.1.3 Deb wil oorskakel na die geweegde gemiddelde metode om die waarde van die elektriese waaiers te bepaal aangesien sy voel dit kan die winsgewendheid verbeter. Lewer kommentaar op hierdie voorstel. Verskaf TWEE punte. (4)

INLIGTING:

A. Voorraad van elektriese waaiers:

	EENHEDE	TOTAAL (R)
1 Mei 2021	330	79 200
30 April 2022	470	?

B. Aankope van elektriese waaiers gedurende die jaar:

MAAND	EENHEDE	EENHEIDS-KOSTE (R)	TOTAAL (R)
Julie 2021	250	250	62 500
September 2021	350	260	91 000
Desember 2021	500	275	137 500
Februarie 2022	300	285	85 500
TOTAAL	**1 400**		**376 500**

C. Ses (6) elektriese waaiers van die Desember 2021-aankope, met 'n totale koste van R1 650, is as pryse in 'n advertensieveldtog gebruik.

D. Tien (10) beskadigde waaiers van die Februarie 2022-aankope is aan verskaffers teruggestuur. Die totale koste is as terugbetaling ontvang.

E. Verkope:
Elektriese waaiers word teen 'n vaste prys van R425 elk, verkoop. Die totale verkope het R528 700 beloop.

www.mycourses.co.za

Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za

1.2 **BTW**

B-Line Verskaffers is vir BTW geregistreer. Die standaardkoers van 15% is van toepassing. Die eienaar van die besigheid is Brenda Fazile.

GEVRA:

1.2.1 Bereken die bedrag betaalbaar aan SAID vir BTW vir die twee maande BTW-periode geëindig 30 Junie 2022. (9)

1.2.2 Brenda het met 'n verskaffer onderhandel om haar van 'n faktuur vir aankope van R120 000 te voorsien, alhoewel die werklike aankope R30 000 was.

Wat sal jy, as 'n senior bestuurder, vir Brenda sê in verband met hierdie transaksie? Verskaf TWEE punte. (4)

INLIGTING:

A. Die saldo deur SAID verskuldig op 1 Junie 2022 was R3 800.

B. BTW-bedrae geneem uit die rekords vir Junie 2022:

	BTW BEDRAG R
Totale verkope	142 500
Totale aankope van voorraad	86 100
Korting ontvang van verskaffers	3 750
Goedere deur debiteure teruggestuur	1 260
Verkoop van ou toerusting	6 000
Goedere deur eienaar geneem vir eie gebruik	1 125
Oninbare skuld ingevorder	540

35

www.mycourses.co.za

Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za

VRAAG 2: REKONSILIASIES (35 punte; 30 minute)

BANKREKONSILIASIE

2.1 Dui aan of elk van die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Skryf slegs 'waar' of 'onwaar' teenoor elke nommer (2.1.1 tot 2.1.3) in die ANTWOORDEBOEK neer.

2.1.1 Kontantonttrekkingsfooie en rente op oortokke bank op 'n bankstaat, word as bankkoste in die Kontantbetalingsjoernaal aangeteken.

2.1.2 'n Kredietsaldo op die bankstaat dui op 'n gunstige saldo vir die besigheid.

2.1.3 Dit is nie nodig om 'n bankrekonsiliasiestaat voor te berei nie aangesien die bankstaat altyd die korrekte banksaldo sal aantoon. (3)

2.2 **AMADEV WINKELS**

Die inligting het betrekking op Julie 2022. Die offisiële bankstaat wat gebruik word om rekonsiliasies te doen, word op die 25ste van elke maand aan die besigheid ge-epos.

GEVRA:

2.2.1 Bring die totale van die KOJ en KBJ op datum in die tabel wat voorsien word en bereken die korrekte saldo van die bankrekening in die Algemene Grootboek op 31 Julie 2022. Toon ALLE bewerkings. (9)

2.2.2 Voltooi die Bankrekonsiliasiestaat op 31 Julie 2022. (8)

2.2.3 Verwys na **INLIGTING D:** Deposito van R22 500 op 20 Julie 2022. Verduidelik waarom die rekenmeester oor hierdie deposito bekommerd moet wees. Verskaf EEN punt. (2)

INLIGTING:

A. Die bankrekening in die Algemene Grootboek toon 'n gunstige saldo van R21 800 op 1 Julie 2022.

B. Voordat vergelykings/inspeksie van die Julie-bankstaat gedoen is, was die voorlopige totale van die Julie-joernale: **KOJ:** R116 400 en **KBJ:** R132 500.

C. Bankkoste op die Julie-bankstaat, maar nie in die joernaal nie, R1 150.

D. 'n Deposito gedateer 20 Julie 2022, verskyn nie op die bankstaat nie, R22 500.

E. 'n Deposito gedateer 29 Julie 2022 verskyn nie op die bankstaat nie, R12 700.

F. 'n EFO van 'n debiteur ontvang, verskyn korrek op die bankstaat as R5 300, maar is verkeerdelik as R3 500 in die joernaal opgeskryf.

G. Die debietorder vir selfoondata, R1 840, is nie in die betrokke joernaal aangeteken nie. Dit is ook verkeerdelik, dubbeld aangeteken op die Julie-bankstaat.

H. EFO 778, gedateer 31 Julie, is nie op die bankstaat aangeteken nie, R6 200.

www.mycourses.co.za

Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za

I. Huur ontvang op 30 Julie, R9 200, is in die joernaal aangeteken vanaf 'n bewys van betaling van die huurder ontvang. Dit verskyn egter nie op die bankstaat nie.

J. 'n Debietorder vir advertensies verskyn op die bankstaat, maar nie in die joernaal nie, R740.

K. Die bankstaat het afgesluit met 'n saldo van R? op 25 Julie 2022.

2.3 **MOLLY SE DELI**

Molly koop haar kitskos-produkte van Gladys Verskaffers. Op 26 Augustus 2022 het sy 'n staat van Gladys Verskaffers ontvang. Die bedrag verskuldig stem nie ooreen met die saldo in die Krediteuregrootboek nie. Volgens haar boekhouer, Janice, is die saldo in die Krediteuregrootboek **R41 800**.

'n Ontleding van die rekening in die Krediteuregrootboek en die staat ontvang, wys dat die staat in alle opsigte korrek is. Foute en weglatings is slegs in die boeke van die besigheid opgemerk.

GEVRA:

2.3.1 Toon hoe die foute en weglatings wat geïdentifiseer is, hanteer moet word om die rekening van Gladys Verskaffers in die Krediteuregrootboek van die besigheid reg te stel.
Gebruik die tabel wat voorsien is. Toon 'n "+" vir toename of "–" vir afname langs elke bedrag en bereken die finale saldo. (9)

2.3.2 **Verwys na inligting D**

Molly was teleurgesteld dat sy nie die voordeel van korting kon geniet nie. Hoe kan Molly die interne beheerprosesse verbeter om te verseker dat dit nie in die toekoms weer sal gebeur nie? Verskaf TWEE punte. (4)

INLIGTING:

Foute en weglatings in die boeke van die besigheid geïdentifiseer.

A. 'n Faktuur vir R8 600 is nie in die krediteuregrootboekrekening aangeteken nie.

B. 'n Kredietfaktuur vir R17 800 verskyn in die krediteuregrootboek-rekening van Gladys Verskaffers. Dit was vir goedere aangekoop van Glyn Winkels.

C. 'n Kredietfaktuur vir R12 600 is as R21 600 in die krediteuregrootboek-rekening aangeteken.

D. 'n Korting van R600 is in die krediteuregrootboekrekening aangeteken toe 'n EFO-betaling vir R12 000 op 7 Augustus 2022 gemaak is. Gladys Verskaffers het aangedui dat dit nie toegestaan is nie, omdat die kredietterme nie nagekom is nie.

E. Beskadigde goedere teruggestuur, is as 'n faktuur aangeteken, R2 240.

Kopiereg voorbehou

Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za

HOU HIERDIE BLADSY OOP.
www.mycourses.co.za

Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za

VRAAG 3: KOSTEBEREKENINGE (40 punte; 30 minute)

3.1 Pas die konsepte in KOLOM A met 'n voorbeeld verskaf in KOLOM B. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (3.1.1 tot 3.1.4) in die ANTWOORDEBOEK.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1.1	Indirekte arbeid	A	Koste van grondstowwe in die produksieproses gebruik
3.1.2	Administrasiekoste	B	Vervaardigde produkte wat gereed is vir verspreiding aan kleinhandelaars
3.1.3	Veranderlike koste	C	Lone betaal aan die fabrieksonderhoud-werkers
3.1.4	Klaarprodukte	D	Skryfbehoeftes vir kantoorgebruik aangekoop

(4 x 1) (4)

3.2 **ZAZA BYKOMSTIGHEDE**

Die inligting het betrekking op die produksie van waterbottels. Die finansiële jaar het op 28 Februarie 2022 geëindig.

GEVRA:

3.2.1 **Verwys na Inligting A**

Bereken die direkte arbeidskoste vir die produksie van waterbottels. (8)

3.2.2 **Verwys na Inligting D**

Bereken die korrekte bedrag vir Fabrieksbokoste deur die volgende foute en weglatings in berekening te bring. Toon 'n (+) vir toename of (-) vir afname langs elke bedrag (9)

3.2.3 Voltooi die Produksiekostestaat op 28 Februarie 2022. (9)

INLIGTING:

A. Produksielone:

- Die waterbottelfabriek het 5 werknemers.
- Elkeen het 1 550 ure gewone tyd teen R60 per uur gewerk.
- 'n Totaal van 225 ure vir almal saam, is in die oortydregister aangeteken. Die oortydtarief is 1,6 keer die gewone tarief.
- Alle werknemers betaal 1% van totale verdienste aan die WVF, en die besigheid dra 'n gelyke bedrag tot die Fonds by.

B. Voorraadsaldo's:

	28 Februarie 2022	1 Maart 2021
Werk in proses	R ?	R 18 750
Klaar produkte	R 42 300	R 46 800

C. Primêre koste bedrae R812 500.

www.mycourses.co.za

Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za

D. Fabrieksbokoste:

Die boekhouer het die fabrieksbokoste as **R203 720** bereken.

Die volgende foute en weglatings is opgemerk:

(a) Die skoonmaker verdien R5 000 per maand. 25% hiervan moet aan die waterbottelfabriek toegedeel word. Dit is nie in berekening gebring nie.

(b) Die slotvoorraad van indirekte materiaal vir die fabriek, R1 800, is nie in berekening gebring nie.

(c) Die fabrieksbokoste sluit versekering van R19 200 in wat verdeel is in die verhouding 4 : 2 tussen die waterbottelfabriek en die verkoops- en verspreidingsafdeling. Dit moes verdeel word in die verhouding 5 : 1.

(d) Die hele water en elektrisiteitsuitgawe van R47 400 is ingesluit in die fabrieksbokoste. Slegs 70% van hierdie uitgawe is vir die water-bottelfabriek.

E. Verkope vir die jaar bedrae R1 305 850 (kosprys R1 004 500).

3.3 EENHEIDSKOSTE EN GELYKBREEK

Cage Handelaars verkoop komberse. Die inligting het betrekking op die twee jaar geëindig Junie 2022. Die eienaar is Cage Matt.

GEVRA:

3.3.1 Lewer kommentaar oor die beheer oor direkte materiaalkoste per eenheid en verkoops- en verspreidingskoste per eenheid. Haal syfers aan. Verskaf in elke geval, 'n moontlike rede vir die verandering. (6)

3.3.2 Verduidelik of Cage (die eienaar) tevrede behoort te wees met die vlak van produksie bereik en die gelykbreekpunt. Verskaf TWEE punte. Haal syfers aan. (4)

INLIGTING:

	2022	2021
	EENHEIDSPRYS R	EENHEIDSPRYS R
Direkte materiaalkoste	120,00	140,00
Direkte arbeidskoste	140,00	110,00
Fabrieksbokoste	92,00	90,00
Verkoops- en verspreidingskoste	90,00	60,00
Administrasiekoste	40,00	40,00
Verkoopprys per eenheid	500,00	470,00
Aantal eenhede geproduseer en verkoop	9 000 eenhede	8 000 eenhede
Gelykbreekpunt	7 920 eenhede	6 500 eenhede

Kopiereg voorbehou

Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za

VRAAG 4: BEGROTING (40 punte; 30 minute)

4.1 **Verduidelik waarom:**

4.1.1 Oninbare skuld nie in 'n kontantbegroting sal voorkom nie. (1)

4.1.2 'n Kontantbegroting 'n effektiewe interne beheermeganisme is. (2)

4.2 **MARIE (EDMS) BPK.**

Die maatskappy is geregistreer met 'n gemagtigde aandelekapitaal van 800 000 gewone aandele.

GEVRA:

4.2.1 **Verwys na Inligting A en B**

Bereken die invorderings van debiteure gedurende September 2022. (7)

4.2.2 Bereken die ontbrekende bedrae aangedui deur **(i)** tot **(iv)** in die uittreksel van die Kontantbegroting in **Inligting E**. (13)

4.2.3 Bereken die % verhoging in salarisse en lone. (3)

4.2.4 Verskaf TWEE redes waarom die maatskappy sou besluit om in personeelopleiding te investeer. (2)

4.2.5 **Verwys na Inligting J.**

As gevolg van lae voorraadomsetsnelheid gedurende die Covid-19 pandemie, het Marie besluit om die verkoopstrategie te verander.

- Lewer kommentaar oor die nuwe benadering rakende kontant- en kredietverkope. (2)
- Verduidelik TWEE nadele van hierdie benadering. (4)
- Lewer kommentaar oor die werklike en begrote syfers vir advertensies en verpakkingsmateriaal. Haal syfers aan. (6)

INLIGTING:

A.

	JULIE R	AUGUSTUS R	SEPTEMBER R
Kredietverkope	364 000	382 200	354 900
Koste van verkope	320 000	336 000	312 000

B. Debiteure betaal as volg:

50% van debiteure betaal in die maand van verkope en ontvang 4% korting
30% betaal in die maand wat volg op die verkope-maand
18% betaal in die tweede maand na die verkope-maand
Oninbare skuld beloop 2%

C. Kontantverkope is 35% van totale verkope.

D. Aankope en betalings aan krediteure:

- Voorraad verkoop, word vervang in die maand van verkope.
- Kontantaankope beloop 25% van totale aankope.
- Krediteure vir voorraadaankope word in die tweede maand wat volg op aankope (60 dae), betaal.

www.mycourses.co.za

Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za

E. Uittreksel uit die Kontantbegroting vir die twee maande:

	AUGUSTUS	SEPTEMBER
Ontvangstes		
Kontantverkope	205 800	191 100
Kontant van debiteure		
Huurinkomste	**(i)**	13 878
Addisionele aandele	465 000	
Betalings		
Kontantaankope van voorraad	84 000	78 000
Betalings aan krediteure	225 000	**(ii)**
Salarisse en lone	134 300	142 358
Terugbetaling van lening		**(iii)**
Rente op lening	3 300	2 750
Advertensies	17 640	16 380
Verpakkingsmateriaal	35 280	32 760
Aflewerings koste	41 160	38 220
Gewone aandele dividend		**(iv)**
Personeelopleiding		70 000

F. Die huur sal vanaf 1 September 2022 met 8% p.j. verhoog.

G. 'n Gedeelte van die lening sal op 1 September 2022 terugbetaal word. Rente op lening teen 11% p.j. is op die laaste dag van elke maand betaalbaar en word nie gekapitaliseer nie.

H. Op 1 Julie 2022 was 480 000 gewone aandele reeds uitgereik.

Addisionele aandele sal op 1 Augustus 2022 teen R6,20 per aandeel uitgereik word. Interim dividende van 15 sent per aandeel is op 30 September 2022 aan alle aandele in die aandeleregister betaalbaar.

I. Advertensies is 'n vaste persentasie van begrote kontantverkope. Aflewerings aan klante is uitgekontrakteer aan Victor Reliable.

J. Begrote en Werklike syfers vir Julie 2022:

BEGROTINGSITEM	BEGROOT R	WERKLIK R
Kontantverkope	196 000	50 400
Kredietverkope	364 000	285 600
Totale verkope	560 000	336 000
Advertensies	16 800	13 440
Verpakkingsmateriaal	33 600	18 500

40

TOTAAL: 150

www.mycourses.co.za

Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za

GRAAD 12 REKENINGKUNDE FORMULEBLAD MET FINANSIËLE AANWYSERS	
$\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Netto wins voor belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Netto wins na belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Bedryfsuitgawes}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bedryfswins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$
Totale bates **:** Totale laste	Bedryfsbates **:** Bedryfslaste
(Bedryfsbates – Voorraad) **:** Bedryfslaste	Niebedryfslaste **:** Aandeelhouersbelang
(Handel en ander ontvangbare bedrae + Kontant en kontantekwivalente) **:** Bedryfslaste	
$\frac{\text{Gemiddelde handelsvoorraad}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365}{1}$	$\frac{\text{Koste van verkope}}{\text{Gemiddelde handelsvoorraad}}$
$\frac{\text{Gemiddelde debiteure}}{\text{Kredietverkope}} \times \frac{365}{1}$	$\frac{\text{Gemiddelde krediteure}}{\text{Koste van verkope/Kredietaankope}} \times \frac{365}{1}$
$\frac{\text{Netto inkomste na belasting}}{\text{Gemiddelde aandeelhouersbelang}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Netto inkomste na belasting}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ (*Sien nota hieronder)
$\frac{\text{Netto inkomste voor belasting + Rente op lenings}}{\text{Gemiddelde aandeelhouersbelang + Gemiddelde niebedryfslaste}} \times \frac{100}{1}$	
$\frac{\text{Aandeelhouersbelang}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Dividende vir die jaar}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Tussentydse dividende}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Finale dividende}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Dividende per aandeel}}{\text{Verdienste per aandeel}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Dividende vir die jaar}}{\text{Netto inkomste na belasting}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Totale vaste koste}}{\text{Verkoopprys per eenheid – Veranderlike koste per eenheid}}$	
LET WEL: * In hierdie geval, indien daar 'n verandering in die aantal uitgereikte aandele gedurende 'n finansiële jaar is, word die geweegdegemiddelde-getal aandele in die praktyk gebruik.	

www.mycourses.co.za

Kopiereg voorbehou
Source: www.mycourses.co.za